Kort verslag van die vergadering Klassis Suid op
16 Junie 2006 in die VGK Johannesburg

Die doel van hierdie ad hoc vergadering was om 'n besluit te neem oor die versoek van die VGK Johannesburg i.v.m. die emeritering van ds. J. van der Linden. Vir hierdie doel is ook die Sinodale Deputate i.s. artikel 49 KO teenwoordig. Die afgevaardigdes van Johannesburg gee toeligting vir die besluit van die kerkraad van Johannesburg dat ds. J. Van der Linden op emeritaat gaan. Hulle versoek die klassis om hierdie besluit van approbasie te voorsien. In die toeligting wys die afgevaardigdes van Johannesburg op die verantwoordelikheid wat hulle het ten opsigte van die gemeente en die predikant met sy gesin. Die gemeente is feitelik meer as twee jaar sonder die pastorale sorg van 'n predikant. Daarom het die kerkraad besluit om in die behoefte te voorsien en het reeds begin met die beroepingsproses vir 'n nuwe leraar. Die kerkraad is daarvan bewus dat hy baie lank gewag het met die proses. Die rede hiervoor is dat daar by die gemeente die ernstige hoop was op genesing van hulle predikant.

Die klassis besluit op die volgende gronde om approbasie te verleen aan die besluit van die kerkraad van Johannesburg om haar predikant met emeritaat te laat gaan:

- Die situasie van die gemeente maak dit duidelik dat daar dringend pastorale versorging in die gemeente moet kom
- Die gesinsomstandighede van ds. Van der Linden is van so 'n aard dat dit onvermeidelik geword het om hom van sy amptelike pligte te onthef.
- Ds. Van der Linden word tans fisies gestrem as gevolg van die medikasie wat hy vir sy siektetoestand gebruik, sodat hy nie meer in staat is om uitvoering te gee aan sy ampsverpligtinge, soos hy daartoe geroep is nie. Die gevolg is dat die herderlike versorging van die gemeente nie kan plaasvind nie.

Die ingangsdatum van die emeritaat word vasgestel as 16 Junie 2006.

Die klassis maak in 'n persoonlike gesprek met ds. Van der Linden en sy gesin die besluit tot emeritering bekend. Dit is met groot droefheid dat dit vir die vergadering noodsaaklik geword het om tot hierdie besluit te kom. Vanuit die besef dat dit 'n groot beproewing vir die predikant, sy gesin en die gemeente van die VGK Johannesburg is word die gemeentes opgeroep om in gebed en ander gepaste wyses meelewing te toon.

E Viljoen